LEON

Musiek: Marie Tredoux
Teks: Marie Tredoux

Leon, ek soek jou oral rond
Ek soek jou in die dreuning van die branders
Ek soek jou in die deining van die dieper see
In bamboes se geur
As die laatnamiddagson die wolke rosig kleur

Leon, ek sit hier op jou klip
En sien hoe vou jou hande om jou visgerei
Ek sien jou donker oë deur die waters boor
Soek die vis wat jy verloor
Want die grootste groot galjoen het jou vermy
Jy wat so fier en vry in jonkheid was
Moes hier kom strompel en na halms tas
Al wat toe oorbly, net ’n hopie as
En ons het dit hier kom strooi
Waar dit rustig was vir jou
en altyd mooi.

Leon, ek soek jou oral rond
Jou skaam, hartseer oë, jou gevoelige mond
Jou opbeur en aanhou, maar jy was te verwond
En die aandwind kom bely, jou laaste woorde was:
“Dis net te veel vir my”.
Jy wat so fier en vry in jonkheid was
Moes hier kom strompel en na halms tas
Al wat toe oorbly, net ’n hopie as
En ons het dit hier kom strooi
Waar dit rustig was vir jou
en altyd mooi.

Leon, ek soek jou oral rond